Nasionale Gedenkwaardighede

"Die verlede het geen ander waarde nie as om jou wysheid te leer vir die toekoms"
- C.J. Langenhoven

Doelwit: *Om die jeug te lei tot die waardering van die Afrikanergeskiedenis en veral sy plaaslike historiese erfenis.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Hierdie spesialisasie bevorder veral Afrikanerskap, met die soeke na plaaslike historiese monumente vir die Afrikanervolk. Burgerskap word bevorder deur diens te lewer aan dié gedenkwaardigheid en die soeke na ander nasionaliteite se erfenis.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	3 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word. • Indien die spesialisasie in span-/groepsverband afgehandel word, moet verskillende werkstukke by vereiste 3 voltooi word. • Indien daar nie vyf gedenkwaardighede binne redelike afstand van die bepaalde plek is nie, kan 'n skyfie- of fotoreeks saamgestel word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *'n Lys kry van al die historiese gedenkwaardighede in sy dorp of distrik wat verband hou met Afrikanergeskiedenis.*
2. *Die inligting onder punt 1 analiseer en elke gedenkwaardigheid in 'n geskiedkundige tydperk klassifiseer, bv. Die Groot Trek, Die ABO, ensovoorts.*
3. ***Een** gedenkwaardigheid of monument identifiseer uit bogenoemde lys en 'n kort werkstuk voltooi oor een van die hooffigure wat 'n rol gespeel het in die gebeure wat deur die betrokke gedenkwaardigheid in herinnering geroep word. Die betekenis van die gedenkwaardigheid vir die Afrikaner vandag moet aangedui word.*
4. *'n Besoek bring aan ten minste **vyf** van hierdie gedenkwaardighede en vertroud wees met die gebeure wat daardeur in herinnering geroep word.*
5. *Ten minste by **een** van hierdie gedenkwaardighede diens lewer met die toestemming en samewerking van die* betrokke beheerliggaam.
6. *Tydens 'n byeenkoms terugvoer gee oor die persoonlike betekenis van die studie en 'n besluit neem ten opsigte van toekomstige betrokkenheid by die Afrikaner se -nasionale gedenkwaardighede.*

WENK
Die besluit by punt 6 kan deur middel van 'n seremonie bekragtig word.